Op ‘n Eiland

Ons ken almal die gevoel dat ons van die buitewêreld afgesny is. Dit is amper soos om op ‘n eiland te sit met net jou eie palmboom en nie te weet wat aangaan daar waar die aarde weer begin nie. Die afgelope tyd spoel daardie gevoel oor ons. Daar was nog altyd een of ander manier kontak met die buitewêreld waar ons geweet het en bewus was van wat op die frontlinies van wêreldevangelisasie aangegaan het. Sendingkonferensies het feitlik opgedroog, die dinamika van plaaslike kerke se sendingbetrokkenheid het verander en het buitelandse sendelinge wat hier verbykom het al hoe skaarser geword. Met al die uiteenlopende kommentaar in reaksie oor plasings op sosiale media oor wat die Here in die wêreld doen is dit baie keer die teenpool want dit is maar net nie dieselfde as om die storie uit die perd se bek te hoor met al hierdie stemme in die agtergrond nie. So gebeur dit dat Fanus Louw van “Comfort Ministries” in Grahamstad my kontak en vra of ek weet van die “Life School” op Uitenhage. Nee glad nie, laat ek hom weet. Dis nuus maar dit klink na goeie nuus. Ons het julle al vertel van die “Life School” by geleentheid. Dit is ‘n wêreldevangelisasie-kursus wat paaslik ontwikkel is en wat aanvanklik eers in ’n groot tas ingepas het maar nou met al die tegnologie amper op ‘n geheue stokkie inpas. Fanus nooi my na Zuko se kerk toe want dit is waar die skool aangebied word. Ek ken vir Zuko, hy werk by Goodyear, hy het sy eie kerk en ’n groot hart vir wêreldevangelisasie. Groot was my verbasing toe ek daar kom. Dit is in die kelder-verdieping van ’n gebou in die hoofstraat. Die nuwe Moskee is net aan die anderkant van die muur. Dit lyk na besigheid, was my opmerking. Zuko het met sy spannetjie die gebou wat eers ’n motor-werkswinkel was uitgeverf, matte ingesit en hoop hulle om vroeg in Mei die gebou in te wy. So begin ons gesels oor wêreldevangelisasie, kerkplanting en die uithoeke van die aarde. Fanus vul ons in oor die ongekende getal Moslems wat in die Midde Ooste daagliks tot bekering kom, hoe die “Life school” al in 71 lande posgevat het en al in 7 tale vertaal is. Skielik voel mens nie meer op ’n eiland nie. Die Here is groot aan die werk in die uithoeke van die aarde! Die gesprek draai na al die Moslems net anderkant die muur, die res van Afrika wat nou Uitenhage toe getrek het en die geleenthede wat daar onder ons neuse is om dié mense te bereik. Hulle is nie almal Moslems nie. Baie is Christene of kerkloos.

Ons begeerte is om nader aan die frontlinies te kom, maar weet ons ook dat daardie geleenthede weer op die regte tyd sal kom en dat ons in die tussentyd moet volhard waar ons besig is. Die Here is besig om die kerk te posisioneer vir wat ons glo ‘n nuwe seisoen in Suid-Afrika gaan wees en solank ons hier is weet ons moet ons deel wees daarvan!

Baie dankie vir elkeen se gebed en ondersteuning die afgelope kwartaal, en veral die tyd wat Sugnét se pa in die Hospitaal was. Ons waardeer dit baie! Baie dankie aan NG Kerk De Mist vir die gebruik van die huis.

GAP Ministries, Brocket Straat 9, De Mist, Uitenhage
Tel: 041-9228308 (huis)
Pierre Sel: 0833703592 Sugnét Sel: 0834014517
Go and Proclaim Trust: ABSA Bank Uitenhage: 4056657942
E-pos: outreach@global.co.za Webwerf: www.goandproclaim.co.za

GAP MINISTRIES

GAP NUUS April 2017

Persoonlike Nuusbrief van
Pierre, Sugnét, Pieter en Eldi van Wyk

‘..verkondig elke dag Sy reddingsdade” -Ps 96:2

Vriende ons groet julle weer in die wonderlike naam van Jesus Christus. Hierdie is ons eerste nuusbrief van 2017. Ons vertrou dat die inhoud vir elkeen wat dit lees tot ‘n seën sal wees, en dat dit met elk en ieder een goed sal gaan.

Familienuus

Sedert ons vorige nuusbrief het die lewe ‘n paar draaie kom maak. Sugnét se pa is pas ontslaan na vier weke in die Hospitaal. ‘n Prostese in sy knie het geskuif wat toe van die een problem na die ander gelei het en is hy plaas toe met sy been in gips in ‘n poging om die knie te stabiliseer. Pieter het na ’n lang geswoeg en op versoek van US sy kursus in Bewarings Ekologie gestaak. Met Pieter se praktiese ingesteldheid, probleemoplossende vaardighede en sy aandagspan wat beter werk vir ’n 100 meter as ‘n marathon was dit die beste besluit. Hy het homself kort daarna ingeskryf by “CTU Training Solutions” ook op Stellenbosch vir ’n 1 jaar kursus in “CAD” of te wel “Computer Aided Design”. Daar is ook ‘n opsie vir ‘n tweede jaar. Dit was ‘n wonderwerk dat sy borge in die eerste plek gevra het dat Pieter weer ‘n draai by ‘n beroepsielkundige gaan maak en nadat hulle die verslag gekry het besluit het om hom weer die jaar gedeeltelik te ondersteun. Dit was ‘n groot verligting! Hy geniet die kursus, vaar goed en kon hy reeds dit wat hy geleer het op ‘n proefbasis implementer by die “launch lab” op Stellenbosch.

Eldi het ons laas gesien toe sy begin Januarie terug is UCT toe. Sy kom binnekort weer en sal ons weer op hoogte kom maar gaan die nuus te laat wees vir dié nuusbrief. Sy vaar baie goed in haar spraakterapie kursus en geniet sy die mediese milieu baie. Hulle word reeds blootgestel aan die dinamika om binne ‘n multi profesionele span te kan funksioneer en vind dit goed aanklank by haar persoonlikheid. Dit will ook voorkom asof sy verantwoordelikheid geneem het vir die geestelike versorging van haar vriendinne in die koshuis. Ons lees maar tussen die lyne en sal hopelik later meer nuus hoor sodat ons dit ook met julle kan deel.

Sugnét was die jaar sover baie genooi om, of te preek of te praat by verskeie kerke en groepe. Oudergewoonte hoor ons die boodskappe hier in die huis drie keer. Dit is die boodskap voor die tyd wat gewoonlik met baie worsteling gepaard gaan. Dan is dit die boodskap wat sy bring wat so bietjie verskil van die een wat voorberei is, en dan die een na die tyd waar sy wonder of sy nou nie maar eerder dit of dat moes bygevoeg het of weggelaat het, of te veel gepraat het nie. Sy het

'n moeilike eerste deel van die jaar agter die rug met al Huppelkind se verantwoordelikhede, haar ouers se versorging, die prekery en dan nog die hulp met die bediening veral as dit kom by die gebedsondersteuning, ontvangs en versorging van besoekers ensovoorts. En sy doen alles so goed!!!

Soos julle kan aflei is die versorging van Sugnet se ouers 'n dringende gebedsversoek. Hulle wil en keuse is om op die plaas aan te bly en respekteer ons dit en probeer ons voorstelle en oplossings maak met die wens in gedagte. Maar dit gaan nog steeds bonatuurlike oplossings verg. Daar is geen verantwoordelikhede op die plaas behalwe om die bobbejane op 'n afstand te hou en te sorg dat die dam vol water bly nie.

Ons is dankbaar dat ons nog die geleentheid het om toegang te hê tot hulpmiddels soos mediese fondse, hospitale, universiteite en opleiding instansies, ander mense se "expertise", julle ondersteuning en 'n klomp ander hulpmiddels en hulpbronne. Ons werk elke dag met mense en in 'n omgewing waar die opsies bitter beperk is. Al die Swart kerkleiers in ons netwerke het net een begeerte en dit is om vir hulle kinders net die beste te gee. En dan is dit bitter hartseer om te sien hoe die onderwyssisteem hulle faal en dit vir hulle nodig is om hulle kinders weer na skool in te skryf met die hoop om hulle uitslae net bietjie verder te verbeter sodat hulle toelating tot tersiêre instellings kan kry. En dit is maar net een fasset. Ons groot uitdaging behalwe om die evangelie te versprei is om geleenthede te help skep vir hulle wat dit nie het nie maar dit bitter graag begeer. Ons probeer dit maar so op ons manier doen onder andere deur ons studeerkamer met al die boeke en internet toegang beskikbaar te stel vir hulle. Al vra dit baie geduld, doen ons dit graag.

Van Apatie na Afhanklikheid

"A democracy cannot exist as a permanent form of government. It can only exist until the voters discover that they can vote themselves largesse (generously) from the public treasury. From that moment on, the majority always votes for the candidates promising the most benefits from the public treasury with the result that a democracy always collapses over loose fiscal policy, always followed by a dictatorship. The average age of the world's greatest civilizations have been 200 years. Great nations rise and fall. The average age of the worlds greatest civilizations from the beginning of history, has been about 200 years. During those 200 years, these nations always progressed through the following sequence:

From Bondage to spiritual faith;
From spiritual faith to great courage;
From courage to liberty;
From liberty to abundance;
From abundance to complacency;

vertellery soos min. Vir die eerste keer hoor ek die stories van baie ander mense wat ons nou al jare mee saamwerk, verstaan ons mekaar beter en groei die bande sterker. Met tye was die besprekings baie openhartig en robuust maar dit kon gedoen word binne 'n atmosfeer van respek en waardering vir mekaar. Ons het 'n groot hart vir kerkeenheid en samewerking en was dit net lekker om te sien hoe die Here besig is om die mure verder af te breek tussen geestelike leiers. Daar lê nog baie harde werk voor maar ek kan met vrymoedigheid sê dat ons al ver gevorder het hier in die Metropool met die proses.

Een van "Heartlines" se hulpmiddels is die film met die naam "Beyond the River". Gaan kyk dit gerus terwyl dit die eerste 2 weke van Mei in teaters landwyd wys, of kry die DVD daarna. Dit is 'n Suid-Afrikaanse vervaardigde film met die Duzie Kano Marathon as sentrale tema. Die hulpmiddels wat "Heartlines" ontwikkel het is juis gedoen met die film as agtergrond. Dit is so Suid-Afrikaans dis net nie waar nie. Inisiatiewe soos hierdie werk in seisoene en ek glo dat dit ook nou die seisoen is waar ons as kerke mekaar moet vind, veral kruis-kultureel, en dat die kerk sy lidmate moet bemagtig om in hulle onderskeie invloedsfere instrumente van rekonsilasie te word. Ons wil almal uitnooi om ook deel te word van die inisiatief.

Ons stap…

Daar êrens in Desember gesels ons oor die afstand van Uitenhage tot by die Kerkie bo in Elandsrivier en dat dit dieselfde afstand is wat Maria en Josef moes aflê van Nasaret na Betlehem en die idee om te stap en vir die Elandsrivier Vallei te bid word gebore. Ons ontmoet vriende van vriende wat 'n Pelgrimstog gestap het, begin lees oor die Camino de Santiago in Spanje en die Camino in die Karoo… miskien moet ons begin en die helfte van die pad te stap, oor drie dae. Uiteindelik besluit ons om dit meer toeganklik te maak en dit net 'n dag-stap te maak van die plaas Highwaters tot by 'n kerkgeboutjie bo in die vallei, daar saam te eet, nagmaal te hou en weer terug te stap vir die wat wou. In totaal 12km. Dit was 'n Emmaus-stap, 'n stil stap saam met Jesus. So 30 van ons het gestap, 3 op perde, 'n kleuter in 'n stootwaentjie met 'n fikse pappa en mamma, 'n ondersteuningsvoertuig met water, 'n hommeltuig wat fotos neem en ons eie fisio-terapeut vir net ingeval iemand iets verrek. Wat 'n belewenis was dit nie met Hanekam voor ons, die reuk van die pad se stof na 'n bietjie reën, die bosse en veld, die gegrap teen die lang opdraendes, harte wat kontak maak en net die stilte en vrede wat binne ons kom grondvat het. Almal was verlig om die kerkie te sien. Dit was 'n lekker gekuier en 'n lekker stilword. Die kerkgebou behoort nog aan die NG Kerk, maar daar word lank terug al nie meer dienste daar gehou nie. Die boere in die omgewing het toestemming by die NG kerk gekry om die gebou te gebruik en so stelselmatig is die Here besig om daar 'n interkerklike geloofsgemeenskap te vestig. Een keer 'n maand word daar 'n diens gehou en Sugnet kon al 'n paar keer die woord bedien. Die mense se begeerte om gereeld saam te kom, maar sonder al die formailteite waaraan ons gewoond is. Daar is al hoe meer 'n behoefte aan die Here se teenwoordigheid, en lewe. Ons glo die Here gaan 'n nuwe ding doen in Elandsrivier.

se aangesig te soek todat Hy Homself aan ons openbaar!

Wat is jou storie?

Ons gebruik baie keer hierdie vraag wanneer ons agter die kap van die byl wil kom. Gewoonlik is die vraag gelaai met ‘n bietjie emosie en kom daar ‘n klem op die is. Die frase het egter ’n ander betekenis gekry sedert verlede jaar. Ter will van ruimte probeer ons die storie kort hou. Deur die loop van verlede jaar gebeur dit so dat ons ‘n paar vergaderings by Suid-Einde Museum hou. Ons gebruik gewoonlik die saal wat vergrote fotos orals op die mure het van hoe Suid-Einde gelyk het voor hy tot sy einde gekom het. Suid -Einde was ‘n toonbeeld van ‘n kosmopolitiese gemeenskap. Daar het Wit, Swart, Bruin, Indiër en Sjinees langs mekaar gebly. Dit was ook die poort tot die hawe wat vir baie van die inwoners werk voorsien het. Die instelling van die groepsgebiede wet was soos dit die geval was met Distrik Ses die einde van ‘n era. Behalwe enkele kerke is die res van die geboue afgebreek en die inwoners verskuif na die gebiede wat vir elke etniese groep opsygesit is. So lei ons vergaderings van die een ding na die ander met die uiteinde ‘n rekonsiliasie byeenkoms op versoeningsdag verlede jaar op 16 Desember. Trevor, ons koördineerder van die Transformasie Netwerk in die Metropool het met ’n bietjie navorsing en huiswerk vier oud inwoners van Suid-Einde opgespoor en genooi om hulle stories oor hulle lewe in Suid-Einde te kom vertel. Ek sou dit graag hier wou oorvertel maar die plek hier is ver te min. Hulle het vertel hoe hulle as kinders die groei, bloeitydperk en einde van Suid-Einde beleef het, en die geweldige invloed wat dit op hulle ouers gehad het. Dit was ‘n openbaring. Die byeenkoms het die geleentheid geskep vir rekonsiliasie wat genesing en bevryding van die seer en terleurstellings van die verlede tot gevolg gehad het. Die simboliese en profetiese aksies wat deel was van die byeenkoms glo ek het in die geestes-realm die deure oopgemaak vir soortgelyke aksies in die toekoms. So lank ons leef glo ek nie gaan ons die proses afhandel nie. Daar is altyd nog iemand wat te na gekom is wat nodig het om verlossing en genesing in Christus te ervaar. En daar is geen ander manier as Hy nie. Almal wat daar was was nie Christene nie en glo ek die gees en gesindheid wat geopenbaar is, en die evangelie wat tussenin gevleg is hoop en verlossing gebring het vir meer as net die paar wat hulle stories kom vertel het.

In ons soeke na hulpmiddels om die hele probleem van rassisme as Christene te hanteer en te verteer het ons paaie weer gekruis met die van Brian Helsby van “Heartlines”. So ontdek ons dat hulle besig was met ‘n nuwe stel hulpmiddels om kerke, skole, universiteite en besighede te help om juis die probleem aan te spreek. En die hulpmiddel wat gebruik word is niks anders as om mense te help om hulle stories vir mekaar te vertel nie. Veral kruis kultureel. So beland ons vroeg die jaar as leierskorps van die Metropool op Carmel buite George vir ‘n paar dae, geborg en gefasiliteer deur niemand anders as “Heatlines” nie. Dit was ‘n oefening in rekonsiliasie en storie-

From complacency to apathy;
From apathy to dependence;
From dependence back into bondage.”

Alexander Tytler, ’n Skotse professer in Geskiedenis by die Universiteit van Edinborough het gedurende die 1780’s tot die slotsom gekom na aanleiding van sy navorsing oor die val van die Atheniaanse Republiek 2000 jaar vroeër.

Ek het op die spoor van die aanhaling gekom nadat Daniel Brink my attend gemaak het op ‘n videogreep van Chuck Missler van so paar jaar terug. Tytler het tot dié gewaarwording gekom nadat hy ‘n tydperk in die geskiedenis van Athene bestudeer het wat baie bekend was en nou nog is, as ‘n tyd van demokrasie waartydens die stad gefloreer het. Dit het later ‘n model geword. Dit was tussen 508 en 322 VC. Dis net ter agtergrond. Hierdie aanhaling van Tytler is ‘n paar keer in die geskiedenis opgediep en dit het later as die “Tytler Cycle of History” bekend geword. Dit lyk nie of daar duidelikheid is oor wanneer presies hy dit gekryf het nie, waar dit gedokumenteer is nie en wil dit voorkom of sy waarnemings egter nooit die hoofstroom akademiese literatuur bereik het nie. Seker omdat dit nooit behoorlik in boekvorm verskyn het nie. Nietemin het dit vir my baie dinge wat in ons land se geskiedenis gebeur het, en tans gebeur in perspektief geplaas. ‘n Amerikaner met die naam van John Eberhard het in 2009 die “Tytler Cycle of History” gebruik om die Amerikaanse geskiedenis vanaf 1760 te projekteer teen die agtergrond van die siklus met verbasende ooreenkomste. Ek is seker dat met ’n bietjie leeswerk en navorsing mens dieselfde met ons geskiedenis sou kon doen.

My indrukke is dat ons teen die agtergrond van dié siklus iewers tussen apatie en afhanklikheid verkeer. Ons het vir baie lank ‘n ekonomiese bloeitydperk beleef waar dit baie goed met die land gegaan het en ons in die oë van die wêreld, ekonomies baie suksesvol was. Op die kerk geprojekteer was daar ‘n tydperk van tevredenheid en apatie en is daar verskeie artikels en bronne wat ook bevestig dat die Kerk in die breë hierdie siklus gevolg het. Op die oomblik is ons seker in ons onlangse geskiedenis op die donkerste plek waar ons nog was. Ons is op daardie punt waar ons afhanklik is van ’n radikale en bonatuurlike ingryping ten einde ‘n diktatorskap vry te spring. Die apatie wat wel bestaan het is besig om vining te kwyn en sien ons dit in die kerk sowel as in die samelewing. Dit is die goeie nuus.

Die geskiedenis van geestelike herlewings bewys dat daar altyd voor ’n groot herlewing gelowiges was wat bymekaargekom het om dag en nag na die Here uit te roep todat Hy ingryp in ’n situasie. En dan het die Here gekom en ingegryp wanneer dit nie donkerder kon word nie. Ek glo ons is naby aan daardie punt. Ek en Daniel het die eerste week in Maart weer ‘n “roadshow” deur die Oos-Kaap gedoen met die doel om die visie van gebed vir Herlewing met kerke te deel. Hierdie keer het ons bietjie verder gery en afgesien van Steytlerville, Graaf-Reinett, Middelburg, Cradock, Grahamstad, Jeffreysbaai en Patensie ook Tarkastad en Queenstown besoek. Ons kon ook tydens ’n byeenkoms van senior

kerkleiers in die Metropool die visie van 50 dae van gebed vir die land deel. Op elkeen van hierdie dorpe het daar gebedsnetwerke ontstaan wat dikwels kleiner dorpies in die omgewing betrek. Daar is definitief ‘n groter dringendheid by kerkleiers en gelowiges om oor grense heen hande te vat om saam te werk en saam te bid. Ek is oortuig dat die Here besig is om die Kerk te posisioneer en om die kerk toe te rus en gereed te kry vir wat Hy graag deur die kerk wil doen in die tyd wat kom. Deel van hierdie posisionerings proses is ‘n suiwerings proses waar die Here met ons as individue besig is. Herlewing het nie net tot gevolg dat duisende mense in die koninkryk inkom nie, maar ook dat ons as gelowiges insig kry in dinge in ons lewens wat in stryd is met God se plan en wil vir ons, en ons dit dan verander.

Die 50 dae van gebed vir die land is die resultaat van ‘n konsultasie van gebedsnetwerke wat in Bloemfontein einde verlede jaar bymekaargekom het en opgevolg is met ‘n beplanning-sessie in Pretoria vroeg die jaar. Dit staan bekend as #50days2blessthenation en duur vanaf 16 April tot 4 June 2017. Dit is die tydperk tussen opstanding Sondag en pinkster Sondag.

Die doel van die inisiatief is vir Christene om verantwoordelikheid te neem vir ons land deur te glo dat God die harte van mense in ons land wil en kan verander. Ons eerste taak is om hom te vra om ons eie harts-ingesteldheid te verander van ‘n negatiewe na ‘n positiewe een. Gevul met die verwagting dat Hy ons wil gebruik om die verandering in die land te weeg te bring. Ons sien die kragtige invloed van die media wanneer die woorde van politieke leiers gebruik word om haat, rasisme en geweld aan te blaas tot op die punt waar ons mekaar vervloek en verwens. Dit gebeur ook deur onverantwoordelike plasings op sosiale netwerke. Die uitdaging is dat ons as Christene ons woorde sal gebruik om ander te seën eerder as om te vervloek, om genesing te bring eerder as skade en om tot stand te bring eerder as om te verwoes.

Ons raak baie maklik en baie vinnig verstrik en vasgevang in die negatiewe retoriek en ons vergeet hoe ‘n kragtige invloed ons woorde het en kan hê. Dit beteken nie dat ons nie bekommerd moet raak nie of dat ons nie die probleme in die land moet bespreek, beredeneer en oplossings daarvoor moet soek nie. Die Here het ons so aanmekaar gesit dat ons dit van nature doen. Party van ons natuurlik meer as ander en met wisselende vlakke van emosie. Ons moet egter waak daarteen dat ons nie skadelike persepsies en illusies wat doelbewus geskep word vanuit alle hoeke van die spektrum aanblaas nie. En dit vra dat ons met onderskeiding sal luister en veral as dit by die media kom bewus daarvan moet wees dat hulle meesters is in die skep van persepsies en illusies. Die 50 dae is nie net ‘n geleentheid om te bid vir ons land nie, maar om ons ook te help om ‘n leefstyl aan te kweek waar ons deurgaans lewe en seën spreek oor ons medemens, en ons land. Ons wil weer almal uitnooi om teen die tyd wat die nuusbrief julle bereik daarby in te val. Daar word vir elke dag van die 50 dae ‘n videogreep van een van die geestelike leiers in die land op Youtube geplaas. Gaan kyk gerus.

Bloem

Bloemfontein het op die regte tyd gekom. Ons is nou in daardie seisoen van ‘n desperate soeke na die Here se teenwoordigheid in ons land. Ek het ook die voorreg gehad om die gebedsbyeenkoms by te woon. Dit is druk bespreek op sosiale media so ek wil nie die gesprek uitrek nie. Dit was ’n baie lang, warm en stowwerige dag. Daar was geen geriewe nie behalwe die mobiele longdrops. Daar was geen stalletjies nie, geen vermaak nie en niks wat onnodig was nie. Eenkant het ‘n groot waterkar gestaan wat eens op ‘n tyd ‘n melklorrie was. Dit was dit. Op ‘n stadium het dit regtig warm geraak veral vir mense soos ons sonder sambrele. Maar almal het geduldig gewag todat almal wat nog oppad was, in was, wat heelwat later was as wat beplan was. Wat my getref het was die geweldige hoeveelheid jong mense wat daar was. Ek skat die meeste van hulle was studente en net bietjie ouer. Daar was baie gesinne en verder is die generasies goed verteenwoordig. Dat dit meerendeels Blankes was dink ek nie maak hoegenaamd saak nie. Daar was ’n menigte mense wat vir die land in die gaping kom staan het. ‘n Fofotograaf van OFM het vir my die essensie van die dag die beste vasgevang, kinders, jongmense en ouer mense wat met hulle gesigte in die stof gelê het voor die Here! Dit was nie die massas wat my geraak het nie, maar die desperaatheid waarmee mense daar aangekom het en die hoop waarmee hulle daar weg is, ek inkluis. Ons was nog skaars binne die terrein toe loop ek in Pieter vas. Dit is een van daardie “wow” oomblikke om iemand bekends tussen daardie duisende mense raak te loop, en dat dit dan nog jou eie seun is, is net ‘n wonderwerk. Ons het afgespreek waar om mekaar te kry en kon ons saam die geleentheid beleef. Dit was ‘n groot vreugde.

Deur die loop van die oggend het almal in sarsies daar aangekom, maar toe die byeenkoms verby was het almal gelyk opgestaan en geloop. Dit was nogal indrukwekkend om hierdie honderde duisende mense oor die oop velde te sien loop na hulle voertuie toe. Dit het my laat dink aan tonele uit Braveheart. Met die son wat toe vininig gesak het en die Vrystaatse stof wat al hoe dikker in die lug begin hang het kon baie mense nie hulle voertuie kry nie. Ek ook. Later het ek iemand kon bel van ons groep wat die bussie gekry het en het hy my genavigeer van die die een persoon wat met ’n sambreel op sy bakkie se dak gestaan het tot by die volgende een en so aan. Blykbaar kon almal darem nog voor middernag daar wegkom.

Wat nou volgende is die vraag op almal se lippe. Moet daar ’n volgende wees is my vraag? As almal wat daar was en die wat op ander plekke in die land gebid het geestelike eienaarskap van ons invloedsfere neem dan kan ons inderdaad hierdie land in ’n dag omkeer. En dit gaan gebeur, maar my ondervinding is dat dit bietjie langer vat. Die uitdaging is vanaf die platform gerig dat die kerk in ‘n massa gemobiliseer word om te bid en nie nie op te hou. Dalk moet die organiseerders van al die “Mighty Men” konfersensie dit oorweeg om die konferensies in gebedsbyeenkomste te verander. Bloem het gewys dat alle sektore van die gemeenskap oud en jonk, gereed en desperaat is om saam te kom en die Here